| | |
|---|---|
| CASE NUMBER/SAAKNOMMER | A134/2011 |
| DATE / DATUM | 21 NOV 2011 |

**FREE STATE HIGH COURT, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**VRYSTAAT Hoë HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

| | |
|---|---|
| JUDGES<br>REGTERS | **SY EDELE REGTERS<br>S P B HANCKE & A F JORDAAN** |
| **M M MEEDING** *en* | **HOëR TEGNIESE SKOOL<br>SASOLBURG** |
| ON BEHALF OF THE APPELLANT<br>NAMENS DIE APPELLANTE | **ADV D ROUX** |
| ON BEHALF OF RESPONDENT<br>NAMENS DIE RESPONDENT | **ADV LEEUWNER** |
| INTERPRETER<br>TOLK | |

***VOLUME 1***
**[Bladsy 1 – 49]**


| | | |
|---|---|---|
| CONTRACTOR<br>KONTRAKTEUR | :<br>: | *KRINÓ TRANSCRIPTION SERVICES CC*<br>*KRINÓ TRANSKRIPSIEDIENSTE BK*<br>P O Box / Posbus 148, FRANKFORT (9830)<br>Tel. No. : (058) 813-2658<br>Fax/Faks : (058) 813-2658<br>Cell/Sel : 072 597 7434 |

**VRYSTAAT Hoë HOF, BLOEMFONTEIN**

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**DATUM : 21 NOVEMBER 2011**

**SAAKNR.: A134/2011**

*In die saak van:*

**M M MEEDING** — **Appellante**

*en*

**HOëR TEGNIESE SKOOL SASOLBURG** — **Respondent**

---

## UITSPRAAK

**JORDAAN, R** : Appellante kom in hoër beroep teen 'n vonnis wat verleen is teen haar en haar gewese eggenoot, gesamentlik en afsonderlik, vir die betaling van skoolgelde aan die respondent. Die appèl spruit voort uit die respondent wat dagvaarding teen die appellante uitgereik het as moeder van 'n kind wat op skool by die respondent was en deur die appellante daar ingeskryf was. Sy het sekere skoolgelde betaal, maar op 'n stadium opgehou om te betaal as gevolg waarvan /

waarvan sy gedagvaar was.

Daar is 'n redelike geskiedenis van eerstens verstek-vonnis wat later tersyde gestel is en toe die voeging van die appellante se gewese eggenoot van wie sy geskei is as tweede verweerder en uiteindelik is die saak verhoor en is vonnis gegee ten gunste van die respondent teen die appellante en die tweede verweerder, haar gewese eggenoot, gesamentlik en afsonderlik vir betaling van die skoolfooie asook natuurlik koste.

Wat nie in geskil is nie is dat die respondent 'n openbare skool is soos in die Skolewet nr. 84 van 1996 voorsien; dat die appellante 'n ouer is van die betrokke kind wat by die skool ingeskryf is as 'n leerder; dat daar 'n egskeidingsbevel tussen die partye was waar die tweede verweerder gelas was om onder andere onderhoud en ook skoolfooie ten opsigte van die kind te betaal. Die respondent was uiteraard nie 'n party tot daardie egskeidingsgeding nie en dit is nie in geskil dat die respondent skoolfooie gevorder het en die uitstaande bedrag, R3 600, was nie.

Die verweer van die appellante teen hierdie vordering is hoofsaaklik gebaseer op 'n beslissing van die Appèlhof in die uitspraak van *Fish Hoek Primary School v G W*, gerapporteer in 2010 (2) SA 141 (HHA). In daardie geval het dit gegaan oor 'n skool wat die biologiese vader van 'n kind aangespreek het

vir /

vir die betaling van skoolgelde.

Mnr Roux, wat namens die appellante optree, het sterk op hierdie beslissing gesteun vir sy betoog dat gesien die feit dat die tweede verweerder, naamlik die vorige eggenoot, in terme van die egskeidingsbevel gelas is om skoolgelde te betaal, slegs hy aanspreeklik is vir sodanige skoolgelde en dat die appellante self derhalwe vrygeskeld is daarvan.

In die beslissing word die volgende gesê en ek haal aan op bl. 145B:

> "Far from narrowing the definition of parent in that way, the Legislature has chosen a more expansive definition of the word 'parent' to include persons not ordinarily comprehended by its plain meaning. Thus in Section 1(c) the Legislature simply adds a further category of persons not ordinarily contemplated by the word 'parent' to whom the school may look for payment. But it does so without releasing those envisaged in categories (a) or (b) from their obligation to pay."

Die kategorieë wat in artikel 40 na verwys is en in besonder die woordomskrywing van die woord "ouer", is die ouer of voog van 'n leerder. Dit is (a). Tweedens 'n persoon wat regtens geregtig is op die bewaring van die leerder of dan 'n persoon wat onderneem het om daardie verpligtinge na te kom wat in (c) uiteengesit is.

In /

In die beslissing word voortgegaan en die volgende gesê.

Bl. 145I:

"Section 3 for example provides that every parent must cause every learner for whom he or she is responsible to attend school. There the duty is not placed on every parent, but only on the parent who has responsibility for the child, in other words the custodian parent. Thus where the legislature wished to shoulder a particular parent with responsibility, it clearly defined that parent. By contrast Section 40(1), which imposes an obligatio to pay school fees does not draw that distinction. The Act thus explicitly distinguishes between parents in general and custodian parents when the need arises. The unqualified use of the word 'parent' in Section 40(1) would seem to be a clear indicator that non-custodian parents were intended to be included within its reach."

Op bl. 147 word die volgende gesê:

"Moreover, an interpretation that burdens both parents with the responsibility for school fees is consistent with the injuntion in Section 28(2) of the Constitution that a

> child's best interest are of paramount importance in every matter concerning the child.'

It unquestionably is in the best interest of a child that non-custodian parents, who is unwilling yet has the means /

means to pay his child's school fees should be made to do so if necesary by the injunction of an order of a competent court. Were that not to be so, the custodian parent would solely be saddled with the responsibility and whilst the custodian parent, if she has paid more than her pro rata share towards the child's support, may in law be entitled to recover the excess from a non-custodian parent, reality is that the right to recover may for all practical purposes prove to be illusionary. Further, the sad truth is that many custodian parents are simply unable to pay or have been exempt from paying due to poverty. Were the school not to have the right to recover school fees from the non-custodian parent in those circumstances, it will either have to shoulder that loss or mulct other parents with additional charges. In either event it would be acting to the detriment of other learners."

Dit is duidelik uit hierdie beslissing eerstens dat dit slegs so ver gaan om te sê daar is ook 'n plig om skoolgelde te betaal op 'n nie-toesighoudende ouer insluitend selfs 'n biologiese vader. Uitdruklik word bepaal dat dit nie die ander ouer soos in die definisie vervat, verlos van aanspreeklikheid nie. Almal met ander woorde in daardie kategorieë is aanspreeklik vir betaling van skoolgelde.

Verder /

Verder is getoog dat die eiser nie bewys het dat die voorvereistes vir nakoming van die vereistes van die wet nagekom is alvorens skoolgelde gehef kon word nie. Wat dit aanbetref, is dit in die verweerskrif nooit uitdruklik in geskil geplaas nie. In die verweerskrif word bloot die volgende namens die appellante beweer:

> "The first defendant admits her name but denies that she is the parent liable in terms of Section 39 of Act 84 of 1996. The balance of the contents of the preamble to plaintiff's summons is denied."

Dan in paragraaf 3.2 word die volgende gesê:

> "In terms of an order of the honourable court the second defendant was joined in the action. First defendant pleads that second defendant is the parent liable in terms of Section 39 of Act 84 of 1996 and furthermore, is the responsible parent in terms of plaintiff's application for admission of learner form."

Dit is duidelik uit hierdie verweerskrif dat die enigste grond waarop gesteun word in hierdie opsig is dat die appellante self nie die ouer verantwoordelik is in terme van die wet nie, maar dat haar gewese man, die tweede verweerder, sodanig aanspreeklik is. Instede daarvan om die nakoming van die voorvereistes in geskil te plaas, blyk die feit dat sy beweer dat haar man aanspreeklik is juis tot die teendeel, naamlik dat daar /

daar nie 'n probleem is wat betref die voorvereistes nie, maar dat die man aanspreeklik is. Dit is tog duidelik as die voorvereistes nie nagekom is nie dan sou geeneen van die twee ouers aanspreeklik gewees het nie.

Die vraag is of die egskeidingsbevel wat verleen is die posisie verander? In die egskeidingsbevel word die volgende onder andere gelas. Paragraaf 5:

> "Dat die verweerder alle uitgawes wat redelikerwys aangegaan is of aangegaan staan te word ten opsigte van die minderjarige kind se primêre, sekondêre, tersiêre opvoeding en opleiding insluitende buitemuurse aktiwiteite betaal."

Al wat hierdie bevel doen, is dat dit 'n verhaalsreg van persoonlike aard aan die appellante verleen en geen saaklike reg nie. Hierdie bevel is bloot 'n persoonlike vorderingsreg wat nie teenoor die res van die wêreld geld en spesifiek nie ten opsigte van enigiemand wat nie 'n party tot die egskeidingsgeding was nie. Wat meer is dit voorsien uitdruklik dat uitgawes wat aangegaan is ook betaal moet word deur die tweede verweerder of dan die appellante se vorige eggenoot. Dit voorsien met ander woorde by noodwendige implikasie dat sy reeds uitgawes aangegaan het en moontlik uitgawes kan aangaan wat sy van hom kan verhaal. Daar is geen ruimte vir 'n bevinding dat hierdie bevel die bepalings van die Skolewet wysig /

wysig of inperk in enige opsig nie. Daar is geen manier waarop so 'n bevel die wet kan wysig of 'n inperking op die regte van die respondent kan daarstel wat nie 'n party daartoe was nie.

Dit is eintlik die einde van die saak in dié sin dat uit hoofde van die bepalings van die Skolewet die landdros tereg geregtig was om 'n bevinding te maak soos hy gedoen het, naamlik dat beide die ouers, synde die appellante en die tweede verweerder, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir betaling van die skoolfooie.

Daar is egter ook betoog dat die vorm wat ingevul is deur die appellante tydens die inskryf van die betrokke minderjarige by die skool inderdaad die posisie moontlik verander. Die vorm, in die Afrikaanse deel, bepaal as volg:

> "Ek onderneem om voorsiening te maak vir die stiptelike betaling van skoolgeld of indien deur 'n ander party betaal word, alles in my vermoë te doen om toe te sien dat hierdie betaling nagekom word en om die reg van die skool te erken om enige agterstallige geld deur my verskuldig in te vorder na die goeddunke van die beheerliggaam."

Mnr Roux het namens die appellante betoog dat hierdie nie in wese 'n ooreenkoms is nie en derhalwe nie daarop gesteun word as synde 'n ooreenkoms nie. Hy steun tog op die bewoording daarvan vir sy argument dat die appellante nie aangespreek /

aangespreek kon word nie en respondent inderdaad aanvaar het dat haar vorige man, die tweede verweerder, alleenlik aanspreeklik sou wees. Dit sal natuurlik impliseer 'n afstanddoening van die respondent se regte in terme van die wet. So 'n afstanddoening is nie gepleit nie. Die bewoording van hierdie artikel of paragraaf in die aansoekvorm wat ek aangehaal het, is hoogstens in 'n mate dubbelsinnig, maar in konteks gelees, plaas dit 'n verpligting op die persoon wat die kind inskryf, naamlik die appellante om toe te sien dat betaling geskied. Dit sê nie sy moet betaal nie, dit sê sy onderneem om voorsiening te maak dat dit betaal word hetsy deur haarself hetsy deur iemand anders, maar sy het uiteindelik die verpligting om die betaling te laat geskied.

Die afstanddoening, indien enige, kan hoegenaamd nie 'n verskil maak aan die regte van die respondent in terme van die wet nie. Hoogstens is dit 'n dubbelsinnige vorm wat onduidelik is in daardie opsig.

Dit hou in dat dit nie nodig is om te handel met enige van die ander argumente nie. Myns insiens het die verhoor-landdros korrek en tereg bevind dat die respondent geregtig is om die skoolgelde van die appellante te verhaal en nadat die tweede verweerder gevoeg is, om 'n bevel te verleen vir gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid vir sodanige skoolgelde.

Die /

Die effek hiervan is dat die appèl nie kan slaag nie en derhalwe AFGEWYS MOET WORD MET KOSTE.

**HANCKE, R** Ek stem saam.

**HOF VERDAAG**

| OORSKRYFSTERSERTIFIKAAT | TRANSCRIBER'S CERTIFICATE |
|---|---|
| Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat in soverre dit hoorbaar is, die voorafgaande 'n ware en juiste transkripsie van die oorkonde is van die oorspronklike verrigtinge wat deur middel van 'n meganiese opvangtoetel opgeneem is in die saak van: | I, the undersigned, hereby certify that insofar as it is audible, the aforegoing is a true and correct transcription of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of: |

| | |
|---|---|
| M M MEEDING *en* | HOëR TEGNIESE SKOOL SASOLBURG |
| DATUM: | 21 NOV 2011 |
| SAAKNR. : | A134/11 |
| LIASSEERNR.: | DES 2011 |

OORSKRYFSTER/TRANSCRIBER: (MEV. MRS) L DE VILLIERS

KRINÓ TRANSKRIPSIEDIENSTE BK

KRINÓ TRANSCRIPTION SERVICES CC